Ges. 133: 1, 3, 6.
" 135: 1-3.
" 140: 3.

# OORWINNAAR OOR DIE DOOD.

K Potch K.
1 Kor. 15:1-28. (S 17) 8.4.56.

1 Kor. 15:54c - Die dood is verslind in die oorwinning.

Die afgelope lydensweke het ons stilgestaan by die vernedering van Christus soos die Apost. Geloofsbelydenis dit in sy vier trappe so treffend teken: gely, gesterwe, begrawe, en neergedaal ter helle. Net soos Christus in sy vernedering al dieper afgedaal het, so beteken sy opstanding sy verhoging. In hierdie staat van verhoging was die eerste trap die opstanding uit die dode; die tweede sy hemelvaart; die derde Sy sit aan die regterhand van God - en die laaste Sy wederkoms om te oordeel die lewende en die dode.

Vanoggend wil ons die hele saak van Christus se opstanding besien vanuit die lig van die 17e Sondagsafdeling van ons H.K. waarin daar net een vr.(45) met sy antwoord gegee word: Vr. 45: Watter nut het die opstanding van Christus vir ons? Antw.: Ten eerste het Hy deur sy opstanding die dood oorwin, sodat Hy ons die geregtigheid deelagting sou maak wat Hy deur sy dood vir ons verwerf het. Ten tweede word ons ook deur sy krag opgewek tot 'n nuwe lewe. Ten derde is die opstanding van Christus vir ons 'n gewisse pand van ons salige opstanding.

Dit val ons dadelik op dat ons H.K. oor die feit van Christus se opstanding niks sê nie. Dis temeer eienaardig as ons daaraan dink dat van die vroegste eeue die opstanding van Christus ontken en geloën is. Die leuen dat Christus nie opgestaan het nie, is reeds op die dag van die opstanding gefabriseer. Paulus moes ook reeds in die gelese hoofstuk (1 Kor. 15) die heerlike feit van Chr. se opstanding skerp verdedig teen die heftige aanvalle van hulle wat die opstanding geloënstraf het.

En tog swyg ons Kat. oor die feit - omdat dit ons duidelik wil laat verstaan dat die saak van Chr. se opstanding nie een is van redenering en argumentasie nie, maar 'n saak van GELOOF. En wie hierdie geloof nie besit nie, sal deur geen argument oortuig word nie!

Maar waaroor die Kat. wel spreek is oor die nut, die seën van Chr. se opstanding . Want die H.K. rig hom nie tot ongelowiges wat die opstanding van Xt. loën nie, maar tot gelowiges wat dit bely - asof hy daarby wil voeg: dis nie genoeg dat julle die opstanding as 'n feit aanvaar nie- julle moet ook die opstanding in al sy krag leer ken! So nie, staan julle net so ver van Xt. as dié wat sy opwekking loën!

Die opstanding van Xt. spreek dan tot ons:

I. VAN OORWINNING WAT VERKRY IS:

"Ten eerste het Hy deur sy opstanding die dood oorwin". Die dood oorwin! Kan dit moontlik wees? Dat Xt. hierdie magtige, vreeswekkende vyand oorwin het? Want so leer die mens die dood ken - as die groot vyand van die menslike lewe. Want diep in ons harte is ons bang vir die dood; daarom veg ons vir ons lewe solank ons maar kan. Ons het almal die lewe lief.....

En watter wonderlike, onbeskryflik-gelukkige dag sal dit nie wees wanneer die dood met al sy angs en verskrikking ons nie meer sal inwag op die end van die baan nie! En nou staan dit hier dat Xt. dit klaar gedoen het: Hy het die dood oorwin! Deur sy opstanding het Hy bewys dat die dood Hom nie kon bind nie, nie kon vashou nie. Vir die eerste maal in die ganse mensegeskeidenis hetvdit gebeur dat Iemand die dood oorwen het. Henoch en Elia het wel die dood oorkom deur daaroor heen te stap - maar hulle het dit nie oorwen nie. Eers in en deur Xt. is die oormag, die geweld, die verskrikking, die benoudheid van die dood oorwen! Sodat ons kan jubel en juig: Dood, waar is jou angel? ~~Graf~~ Doderyk., waar is jou oorwinning? (1Kor. 15:55)

Maar kan ons so sing en jubel? Is dit waar? Het Xt. de opstanding dan meegebring dat daar minder mense is wat sterf, dat mense dit kan bewerk om oor die dood te triomfeer sonder om te sterwe? Nee, die dood is nog daar - en solank ons in hierdie sondige wêreld leef en beweeg sal d ie dood daar bly - maar sy angel is uit, sy heerskappy is verbreek, sy tirannie oor die mens is verbreek!

Daarom praat Paulus nie meer van die dood van die Xten as 'n sterwe nie,,maar as 'n ontslaap ( 1 Thess. 4:14 ) Want as ons glo dat Jesus gesterwe het en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring.

Deur hierdie oorwinning het Xt. ons nog meer gegee:"Sodat Hy ons die geregtigheid deel - agtig sou kan maak wat Hy deur sy dood vir ons verwerf het" - so lui die antw. van die H.K. Dis die kosbare skat wat Xt. vir ons verwerf het: die geregtigheid - die regte verhouding waarin die mens staan tot God. En omdat die sonde dit vir die mens onmoontlik gemaak het om in die regte verhouding tot God te staan, het Xt. deur sy dood hierdie geregtigheid verkry deur ons vonnis op Hom te neem. En daardie geregtigheid wil Xt. ons skenk - deelagtig laat word. Daarom mag ons nooit rus voordat ons seker is: Ek het Xt. deelagtig geword in my lewe en denke.

Maar Xt. wil hierdie geregtigheid deur die geloof deelagtig maak - hoe? Deur die verkondiging van Sy Woord, deur die prediking van die Evangelie elke Sondag, opstandingsdag - waar ek elke keer opnuut iets van die lewe van die Opgestane Heiland deelagtig word!

II. VAN VERNUWING WAT VERKRY WORD:

"Ten tweede word ons ook deur sy krag opgewek tot 'n nuwe lewe". Net soos, in die kruis van Xt., ons ou mens (deur sy krag) met Hom gekruisig, gedood en begrawe word, net so skenk Xt. se opstanding ons die ~~nuwe~~ goddelike krag om in 'n nuwe lewe te wandel.// Die veronderstelling is dus d dat die ou lewe 'n lewe in 'n graf is - 'n lewe van iemand wat dood is in die sonde. //Dit wil gladnie sê dat daardie lewe noodw. een is van moord en dronkenskap en ongebondenheid en diefstal en roof nie - baie mense wie se lewes dood is in die sonde leef heel fatsoenlike, ordentlike lewes en stel soms 'n voorbeeld wat Xtene beskaam Maar dis alleen omdat God sy barmhartigheid ook aan ongereddes bewys - nie omdat hulle dié, lewe uit hulleself lewe nie!

Uit hierdie graflewe trek Xt. ons op deur sy opstanding - as 't ware om ons toe te roep, soos Hy aan Lasarus gedoen het: Lasarus, kom uit! Want Hy verlang dat ons hele lewensinstelling, ons denke en dade sal verander - dat ons sal lewe met 'n krag wat nie meer uit onsself kom nie, maar uit Hom! Dat ons moet lewe soos die rank in die wynstok. Dan kom die lewe van Jesus in ons tevoorskyn: soos Hy Gods Woord bemin het soos wil ons dit ook bemin; soos Hy tot God gebid het so wil ons ook bid; soos Hy vergewe het so leer en wil ons ook vergewe; soos Hy volmaak was in alles, so wil ons ook volmaak word!

Nou weet ek dat sommige van u vir my sal sê: Ja, dis alles goed en waar - maar ek stry al so lank om hierdie doel te verkry, en elke dag moet ek maar weer van voor begin. Wanneer sal ek ooit daar kom?" Laat ons dadelik erken dat selfs die allerheiligste, solank hulle in hierdie lewe is, maar net 'n klein beginsel van hierdie gehoorsaamheid besit - maar tog so dat Xt. elke dag iets van die nuwe hemelse lewe in ons wil plant, laat groei en versterk! Is dit nie ons moeilikheid nie: ons wil die nuwe Godslewe, o, so graag hê - maar soos ons die bestel en verlang, in plaas daarvan om elke dag deur Xt. vernuwe te word! Dis waar, ja: hierdie lewe kos stryd - maar dis 'n goeie stryd! Hierdie lewe vra opofferinge - maar opofferinge wat lewes verryk! Solank ek bereid is om elke dag in gehoorsaamheid aan God te lewe, elke dag weer my lewenskrag uit Hom te put, elke dag my diens aan Hom te wy - solank sal God my elke dag innerlike vernuwe en opbou!

Soms lyk dit asof die kruin van die berg nooit bereik word nie, asof ons verder en verder wegdwaal van ons einddoel, asof ou sonde en swakheid en skuld ons elke keer weer oorweldig. Sal ons dan nie onthou: „God is getrou en sal nie toelaat dat ons bo ons kragte versoek word nie, maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms skenk!" En as ons soms in wanhoop wil uitroep: Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? kom dadelik weer die versekering: Ek dank God deur J.X. onse Here!

III. VAN VERHEERLIKING WAT VERKRY SAL WORD:

"Ten derde is die opstanding van Christus vir ons 'n gewisse pand van ons salige opstanding". So lui die derde "nut" wat die H.K. ons gee i.v.m. Xt. se opstanding. Ons salige opstanding! // Waar die nuwe lewe, waarvan ons nou net gespreek het, die opstanding van ons siele is, daar kry ons nou te doen met die opstanding van ons liggaam. Waar die opstanding v.d. siel plaasvind in hierdie lewe, daar vind dié v.d. liggaam plaas in die toekomstige lewe. Dan sal dié woord in heerlike vervulling gaan: Daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid; daar word gesaai in oneer, daar wordopgewek in heerlikheid; daar word gesaai in swakheid, daar word opgewek in krag. ( 1 Kor. 15:42-43).

- <u>Pand</u> : nog nie aanskou!

- <u>Alle graftes geopen</u> en alle liggame opstaan

- <u>Verheerliking v. liggame v gelowiges nog op aarde</u>

- Hoe <u>verheerlikte liggaam sal wees:</u>

a) geen voll. gegewens

b) Beeldspraak Paulus (volle aar uit korrel).

(1) c) <u>Geen ander ligg</u> – dus – nw. verheerlik

(2) d) Hd. ligg. sal aan d. verh. <u>ligg. v Xt gelykvormig</u> wees

(3) e) 'n ligg. tot <u>volle rypheid</u> gekom –
- alles volkome (geen verdere groei en ontwikkeling of afgang)
- geen gebrek of siekte
- geen ligg. gebreke
- geen verst. gekrenktes
- geen kos en drank
- geen huwelik.